ATTERBURY TRUST

Maart 2011

ATTERBURY TRUST NUUSBRIEF

Atterbury Trust gaan 2011 in met 40 splinternuwe beurshouers wat die totale aantal studente wat huidiglik met ons hulp studeer op 102 te staan bring. Die jaarlikse beursrekening is tans in die omgewing van R 3.5 miljoen. Die meerderheid van die studente studeer aan die Universiteit van Pretoria, maar die Trust ondersteun ook studente aan die Universiteit van Stellenbosch, Tswane University of Technology (TUT), Noord-Wes Universiteit in Potchefstroom, Universiteit van die Vrystaat, Unisa, die Centurion Akademie asook enkele privaat kolleges. Beurslenings ten bedrae van ongeveer R 12 miljoen is vanaf 1999 tot 2011 aan meer as 200 studente toegestaan.

Die akademiese prestasie van studente in die afgelope 2010 eindeksamen was weer uitstekend. Vier-en-twintig studente het grade in 2010 behaal. Dis net soveel as in 2009 en 2008 saam en dit bring die totale aantal studente wat reeds hulle grade met die hulp van die Atterbury Trust oor die afgelope 11 jaar behaal het, op meer as 90 te staan! Hierdie studente lewer vandag 'n aktiewe bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie as ondere andere: ouditeure, ingenieurs, onderwysers, regsadviseurs en rekenaartegnici. Baie van hulle is die eerste persoon in hulle ganse familie wat 'n tersiêre kwalifikasie behaal het en die positiewe invloed van hulle sukses kring dus veel wyer uit.

BAIE GELUK
aan die klas van 2010!

Pieter Bakkes
Hotelskool Stellenbosch. Pieter is tans nog besig met sy internskap by die Ritz Carlton, Naples, Florida, VSA en maak eers einde Julie 2011 klaar. Hy beplan om teen 3 Augustus 2011 terug te wees in Suid- Afrika.

Bertus Barkhuizen
BA (Hons) Frans UP. Hy studeer tans voltyds verder vir sy Meestersgraad.

Norman Becker
Sjef - Prue Leith College. Hy is besig met die praktiese gedeelte van sy opleiding.

Casper Claassen
BA Politieke Wet (Hons) UP. Casper het begin werk as junior dosent in die Departement Politieke Wetenskappe by UP.

Rolindi Devenish
BCom Rek Unisa. Sy is tans besig met haar HONS STR en hoop om volgende jaar haar GR-eksamen af te lê.

Gerhard Diedericks
Diploma in Uitvoerende Kuns COPA.

Louise-Marie Diedericks
B Verbruikerswetenskappe Kleding en Interieurware UP. Sy werk tans in die bemarkingsdepartement by Isabella Garcia in Sandton.

Lana du Preez
Sertifikaat: Grafiese en Advertensie Ontwerp - Intec College.

Ilana du Toit
BCom (Hons) Interne Oudit. Sy het met haar klerkskap begin by KPMG.

Luan Els
Pastoor Somerset-Wes Teologiese Kollege. Hy werk tans in Caledon by die VEK kerk en ook by die Laerskool Overberg as jeugwerker.

vervolg op bladsy 2

vervolg van bladsy 1

Gert Erasmus
BSc Projekbestuur UKOVS. Gert werk as junior QS by Stefanutti Stocks Geotechnical.

Sanet van Aswegen
BCom Finansiële Bestuur Unisa dmv Centurion Akademie. Sy is tans besig met haar Honeursgraad by UP.

Walter Jacobson
BCom (Rek) Hons STR. Walter het sy klerkskap begin by Ernst & Young in Pretoria en het sopas Deel I van die kwalifiserende eksamen afgelê.

Corne Kok
BSc Hons Anatomiese wetenskappe US. Hy is tans besig met sy meestersgraad.

Mari-Annik Kriel
Somatologie ISA Carstens Skoonheids- en Velsorg akademie – Stellenbosch. Doen tans haar verdere opleiding by Steiner Health in Kaapstad voor sy vir 'n jaar op 'n skip gaan werk in die VSA.

Marinda Moller
BSc Hons Mikrobiologie Cum Laude UP. Sy is tans besig met haar meestersgraad by UP.

Morne Oberholzer
BSc Rekenaarwetenskap UJ. Hy het in Januarie begin werk by Alphabet Tech in Johannesburg.

Louina Prinsloo
BMus (Ballet) UK.

Ansie van Aswegen
Diploma in Kantooradministrasie Centurion Akademie – Beste student.

Ninette Hurter
Bsc Kwantitatiewe Bestuur UP. Ninette het by Pentads, 'n kwantitatiewe bestuursfirma wat heelwat werk vir Atterbury doen, begin werk.

Marie van Bosch
Diploma in Kantooradministrasie Centurion Akademie.

Chantel van Tubbergh
BSc Kwantitatiewe bestuur UP.

Angelique Viljoen
Chef – Capital Hotelskool. Angelique het werk gekry by Zebula.

Candice Whitcomb
Argitektuur UP.

Die volgende 13 studente het **grade in 2009** behaal

Bertus Barkhuizen – *BA Frans UP*
Esmarie Coetzee (Vermaak) – *BEd Hons NWU*
Bernadette Genis – *Verpleging Netcare*
Chrisna Devenish – *BPhyst UP*
Stephan Fourie – *IT CTeg college Potchefstroom*
LP Esterhuizen – *BIng Elektries en Elektronies NWU*
Fanie Mostert – *BSc Informatika Unisa*
Jakkie Myburgh – *BIng Chemies UP*
Estelle Pretorius – *BSc Geologie UP*
Hermanus Scheepers – *Elektrisiën Pretoria*
Heidre Snyman – *Gasvryheidsbestuur Kaapstad*
Gerda van der Walt – *BA Grafiese Ontwerp NWU*
CF Zietsman – *BCom Regte LLB*

Chrisna Devenish - *BPhyst UP*
Chrisna het haar Fisioterapiegraad by UP behaal en daarna haar gemeenskapsdiens in Rustenburg voltooi.
Sy het vanjaar by 'n privaat praktyk in Johannesburg begin.
Chrisna skryf: *"Die praktyk fokus op Sensoriese Integrasie terapie vir kinders, tieners en volwassenes... my DROOM werk, ek love dit! Watse voorreg en blessing om so 'n geleentheid te kry...en ek leer alreeds SO baie!"*

LP Esterhuyse - *BIng Elektries en Elektronies NWU*

LP Skryf: *"Ek was in matriek 2004 en soos enige matriekkind seker is, was ek nie 100% seker of ek ingenieurswese wil gaan swôt nie, of altans gaan swôt nie. My plan was om 'n "gap" jaar te vat en oorsee te gaan werk vir ekstra geld. My Pa was baie teen die idee en het gesê dat ek eers moet klaar swôt. Ek het toe maar die saak na die Here gevat en vir Hom gesê dat as ek 'n beurs of IETS kry sal ek gaan swôt anders gaan ek oorsee gaan. Wel dit was nie 'n maand daarna nie toe word ek gebel deur Atterbury om te kom vir 'n onderhoud. Ek was nie eers bewus daarvan dat my Ma aansoek gedoen het by Atterbury nie. Atterbury het my toe 'n rentevrye lening vir die helfte van my studies aangebied. En so het die Here toe vir my 'n IETS gegee en ek het geweet ek moes gaan swôt.*

Anglo Platinum het toe vir my 'n beurs aangebied vir my derde en vierde jaar en in 2009 het ek my graad klaar gemaak. Op die oomblik werk ek nou vir hulle as junior ingenieur en beplan om my GCC (dis 'n sertifikaat om 'n ingenieur op die myn te kan wees) November 2011 te skryf.

En in opsomming - Ek is nog nie 'n dag spyt vir dit wat ek geswôt het nie, dit is regtig wat ek wil doen en ek weet dat ek 100% in die wil van die Here is. Baie dankie vir Atterbury se bydrae tot my kwalifikasie, ek waardeer dit meer as wat julle ooit kan dink.

En vir die wat nog besig is om te swôt wil ek net sê as jy partykeer wonder of dit nou regtig die moeite werd is....DIT IS!! 'n Kwalifikasie help jou meer as wat jy ooit besef terwyl jy nog daarmee besig is.

Die volgende 11 studente het **grade in 2008** behaal

Nelius Bekker – *BIng Elektries en Elektronies Cum Laude US.* Hy is tans besig met sy MSc in Ingenieurswese en is 'n deeltydse dosent by die Universiteit van Stellenbosch.

Louis Botha – *BIng Rekenaaringenieurswese UP.* Hy werk by Fifth Dimension Technologies, waar hy betrokke is die programmering van grafiese sagteware vir kliënte in Australië.

Casper Claassen – *BA Politieke wetenskappe UP*

Juane Cronje – *BSc Physt Medunsa* (Beste student)

Hilde De Beer – *BIng (Bedryfs) UP*

Elaine Kok – *BEd US*

Juanita le Roux – *BEd Ekonomiese- en bestuurswetenskappe*

Tarina Jordaan - *BA Stads- en streeksbeplanning UP*

Linda Joubert (Wassenaar) – *N Dip Biomediese Tegnologie TUT*

Michelle Joubert - *BSosiale wetenskappe UP*

Mirelda Pieterse – *BCom Menslike Hulpbronbestuur UP*

Carla van der Westhuizen – *B Verbruikerswetenskappe Interieurware UP*

Besondere prestasies van 2010

Ons is baie trots op die besondere akademiese prestasies wat in 2010 deur Marinda, Mari-Annik, Rolindi en Louina behaal is.

Marinda Moller
Bsc Hons Mikrobiologie Cum Laude UP.
Het 'n UP-beurs gekry om haar Meestersgraad te doen in 2011.



Mari-Annik Kriel
Somatologie Isa Carstens Skoonheids- en Velsorg akademie in Stellenbosch.
Sy het haar Somatologie studies by Isa Carstens in Stellenbosch voltooi en het vier eretoekennings ontvang, waaronder Beste Student, Hoogste syfer vir Teorie, Hoogste syfer vir Prakties, asook Hoogste gemiddeld (89,87%). Atterbury was destyds betrokke by die ontwikkeling van die Isa Carstens Instituut in Stellenbosch en die Atterbury Trust is baie bly dat ons op hierdie manier kan bydra tot die sukses van die studente daar. Die Atterbury Trust het ook onderneem om jaarliks 'n ISA student wat die finansiële hulp nodig het, te ondersteun.

Rolindi Devenish
BCom (Rek) Unisa.
Rolindi het haar BCom Rek-graad deeltyds in drie jaar voltooi terwyl sy besig was met haar leerkontrak by PWC. Dit

vervolg op bladsy 4

vervolg van bladsy 3

beteken dat haar 5-jaar leerkontrak met een jaar verkort is. Sy is tans besig met haar BCom Rek HONS en STR deur Unisa en sy woon aandklasse by.

Rolindi se boodskap aan die studente: "*Baie mense het 'n droom, iets wat in die toekoms wink wat jou lewe volmaak sal maak. Baie van hierdie drome word nie altyd 'n realiteit nie, veral as dit nie Godgegewe is nie. In my geval is dit wel my realiteit, my Godgegewe droom, reeds in Gr 10 aan my gegee - om eendag 'n CA te wees. Ek het die voorreg om elke dag gestalte te gee aan my droom en dit is wat my lewe elke dag volmaak maak. My droom maak dat elke dag se swôt en werk so saam nie 'n verpligting is nie, maar 'n verwesenliking is van daardie iets wat altyd daar in die toekoms gewink het.*

As jy dit kan doen waarvoor jy lief is en waarvan jy gedroom het sal jy altyd die eindpunt van enige iets kan bereik en as wenner van die stryd kan uittree...solank jy bly vashou aan die een wat die droom in jou hart gelê het en nooit ophou probeer nie, dan kan niks in jou pad staan om jou droom 'n sukses te maak nie. "That's the reason many dreamers fail - they're not willing to come down from the clouds and get to work at the things that turn their stomachs." Susan Glaspell - Quoted in The Bliss of the Way."

Louina Prinsloo

BMus IV Universiteit van Kaapstad.

Louina het 'n oudisie gedoen vir Swan Lake, saam met die Cape Town City Ballet en is gekies om die seisoen te doen saam met die geselskap as deel van die "corps de ballet". Die seisoen het van 12 - 21 Julie 2010 in die Kunstekaap (Artscape Theatre) geloop. Louina sê; *"Ek is baie opgewonde en dit sal my eerste ervaring saam met 'n professionele geselskap wees."* Sy was ook baie bevoorreg om die medalje te ontvang vir "Dans: Tweede Jaar 2008".

Totale jaarlikse aantal studente sedert die ontstaan van Atterbury Trust tot 2011

	2011	2010	2009	2008	2007	2006	2005	2004	2003	2002	2001	2000	1999
2011	36												
2010	32	40											
2009	23	30	35										
2008	8	15	18	24									
2007	1	2	3	5	5								
2006	2	3	7	7	7	8							
2005			1	4	3	5	7						
2004			1	3	7	6	8	8					
2003						6	6	8	8				
2002							5	6	6	6			
2001							1	6	6	6	6		
2000									4	5	6	7	
1999										6	6	6	6
Totaal	**102**	**90**	**65**	**43**	**22**	**25**	**27**	**28**	**24**	**23**	**18**	**13**	**6**

Waarmee hou ons studente hulle **besig?**

Weens die uiteenlopende aard van die studierigtings van studente, hou hulle hulself besig met baie interessante aktiwiteite en kry hulle die geleentheid om nuwe plekke te sien en uitdagende ervarings te beleef.

Marika Geldenhuys

Bed NWU. Die Fakulteit Opvoedkunde van die Noord-Wes Universiteit (NWU), in samewerking met DE Driestar Educatief, het 'n jaarlikse samewerkingsooreenkoms om studente uit te ruil vir verdere navorsingsgeleenthede. Marika Geldenhuys is gekies as een van die drie studente wat NWU in Nederland verteenwoordig het van 25 Augustus tot 26 September 2010. Sy het ook geleentheid gehad om Frankryk, Duitsland en Italië te besoek. Hulle is besig met 'n artikel wat handel oor hulle navorsingsbevindinge. Haar gemiddeld vir 2010 was 84%.

Luan Els

Pastoor Somerset-Wes Teologiese Kollege. Ek was betrokke by die uithelp van die bymekaarkom by die Groen Punt Stadion op 22 April 2010 waar Angus Buchan gepraat het. My werk was om die VIP's te help om by hulle sitplekke uit te kom. Dit was omtrent 'n belewenis om mense soos Helen Zille, oom Angus, Retief Burger en Louis Britz te ontmoet. Ek het ook in Tulbagh by 'n kamp gewerk en by die Global Day Of Prayer.

Studente-debiteure

Daar is tans ongeveer 60 alumni studente wat besig is om hulle beurslenings terug te betaal. 'n Totaal van 20 studente het hulle beursbedrae reeds volledig terugbetaal. Ons wil graag die volgende studente gelukwens wat hulle beurslenings in die afgelope jaar afbetaal het:

Stefaans van Pletzen

Hy was een van die eerste groep beursstudente in 1999. Nadat hy sy graad in Rekenaar/Elektroniese ingenieurswese in 2002 gekry het, het hy vir Conspec, 'n maatskappy in Pretoria, gewerk. Hulle het spesialiseer in beheerstelsels vir industriële masjinerie. Tans werk hy vir Innovative Automation Inc in Kanada. Die maatskappy ontwerp en installeer masjinerie wat produksielyne outomatiseer, hoofsaaklik in die motorindustrie.

Juanita Buitendach (le Roux)

Sy het die beurslening eenmalig terugbetaal. Juanita het in 2009 haar B Ed studies voltooi en het reeds in haar praktiese jaar as voltydse onderwyseres skool gegee. Vanaf 2010 is sy voltyds by Laerskool Voortrekker Eeufees in Pretoria Noord aangestel. Sy gee wiskunde vir graad 4 en graad 5 kinders en het reeds 'n groot verbetering in haar kindertjies se standaard gesien. Juanita sê: *"Ek en my ouers het die finansiele ondersteuning wat ons van Atterbury Trust ontvang het baie waardeer. Dit het my instaat gestel om op my studies te fokus sonder bekommernis oor finansies. Baie dankie vir die wonderlike ondersteuning".*

Jakkie Pretorius (nee Myburgh)

Jakkie is vandag 'n gekwalifiseerde Chemiese Ingenieur en werk by NECSA by Pelindaba. NECSA het haar volle beursbedrag van R 113 355,37 eenmalig terugbetaal in 2011.

Lukas Pheiffer

het as tandarts gekwalifiseer en praktiseer nou as tandarts in Windhoek. Hy het sy beurslening getrou elke maand oor die afgelope ses jaar terugbetaal.

Willem Jordaan

het sy BCom Rek-graad voltooi en het as geoktrooieerde rekenmeester kwalifiseer in 2008. Hy het sy klerkskap by PWC in Pretoria voltooi.

Tacia Zandberg

Leslie Muller

Die ander been van die Atterbury Trust is die **voortgesette finansiële ondersteuning** aan laerskole en Beyers Bytjies kleuterskool

Maandelikse finansiële ondersteuning wat vir die subsidiëring van onderwyserssalarisse aangewend word, is sedert Maart 2005 aan Laerskool Westerlig gemaak. Die opbrengs van die jaarlikse Atterbury gholfdag is ook sedert 2005 aan Laerskool Westerlig en Laerskool Generaal Beyers bewillig. Daar is tydens die 2010 Atterbury gholfdag 'n bedrag van R 150 000 ingesamel wat tussen hierdie twee skole verdeel is. Hierdie geld word aangewend vir noodsaaklike kapitale besteding vir die instandhouding en opgradering van fasiliteite.

Die Beyers Bytjies kleuterskool wat ook in Danville geleë is, word ook op 'n maandelikse basis vanaf Julie 2007 ondersteun. Ongeveer 70% van die kleuters se ouers verdien minder as R 5 000,00 per maand. Daar is tans ongeveer 140 kleuters in die kleuterskool, waarvan omtrent die helfte daagliks by die skool 'n maaltyd kry. Die Atterbury Trust bydrae word aangewend om die ses onderwyseresse se salarisse te betaal. Ongeveer R 1 000 000 se donasies is in 2010 aan hierdie skole gemaak.

'n Briefie van Beyers Bytjies kleuterskool wat maandeliks R 20 000 vanaf die Atterbury Trust ontvang, wat aangewend word om die onderwyseresse se salarisse te subsidieër.

Ons trek sowaar al by die einde van die tweede maand van 2011 en is baie dankbaar dat alles tot dusver goed gaan met ons by Beyers Bytjies Kleuterskool. Ons het hierdie jaar 145 kleuters in Beyers Bytjies wat verdeel is in ses klassies (3 Graad R klassies en 3 Graad RR klassies). Van die 145 kinders is ongeveer 85 kinders borgkinders. Dit beteken dat daar geen of 'n baie klein inkomste in die gesin is en hulle dus nie in 'n posisie is om enige bydrae tot skoolgelde te maak nie.

Dit gaan ook sommer baie goed met ons juffrouens. Twee juffrouens en een mamma het verlede jaar hulle matriek baie goed geslaag. Drie juffrouens studeer hierdie jaar verder – die een juffrou het o.a. ingeskryf vir 'n vier jaar graadkursus by Unisa. Ons is baie dankbaar dat daar nou eintlik 'n gees van selfontwikkeling onder die juffrouens posgevat het. Behalwe dat dit hulle baie ophef maak dit ook 'n groot verskil aan die kwaliteit van onderwys by ons skool.

Ons is ook baie dankbaar om steeds die dienste van ons terapeute te kan gebruik, want dit lewer ook 'n beduidende bydrae tot die ontwikkeling en gereedmaking van ons kleuters met die oog op Graad 1. Ons arbeidsterapeut, Marisia Koch, is drie oggende per week by die skool (en het drie toegewyde mamma's wat sy opgelei het om haar te help). Claudi van den Heever, ons spelterapeut is een oggend per week daar en Daleen Wilcocks, die maatskaplike werkster, is ook een oggend per week daar.

Dit is nou die vierde jaar wat ons elke Woensdagoggend 'n groep met die ouers het en daar woon gemiddeld tussen dertig en veertig ouers die groep by. Elke alternatiewe week het hulle 'n Bybelstudiegroep en die ander weke word daar 'n program aangebied met die doel om hulle as mense en ouers te verbeter. Soos wat ons kan deel ons dan ook aan die ouers wat die groepe bywoon kospakkies uit.

Ons is sedert November 2009 geregistreer as 'n NPO en is regtig ongelooflik dankbaar dat julle as borge deur hierdie moeilike paar jaar volgehou het om ons kleuterskool te ondersteun. Ons waardeer dit regtig baie en besef terdee dat ons nie kan voortbestaan sonder julle hulp nie. Ons vertrou dat die saad wat julle saai in oormaat sal terugkom na julle toe en dat julle in 2011 werklik die seën van die Here sal beleef.

Onthou dat julle altyd welkom is by ons en dit vir ons heerlik sal wees om julle gedurende die jaar by ons skooltjie te kan ontvang.

Laerskool Menlopark het tydens 'n fondsinsamelingsfunksie waar Lize Beekman gesing het onder die vaandel van Atterbury Trust 'n gedeelte van die fondse wat hulle ingesamel het, aan Beyers Bytjies oorhandig. Die kleuters van Beyers Bytjies het ook by die Lize Beekmanvertoning opgetree. Die hoofleiers het een oggend saam met die kleuters gaan kuier om die geld te oorhandig.

ATTERBURY THEATRE

Die Atterbury Theatre is op 'n glansgeleentheid by die Lynnwood Bridge City Lodge aan die pers en kunstenaars bekend gestel.

'n Opwindende nuwe ontwikkeling wat onder die vaandel van die Atterbury Trust gedoen gaan word, is die splinternuwe Atterbury Theatre. Die teater is uitstekend geleë op die hoek van Lynnwoodweg en Daventrystraat in die ooste van Pretoria en vorm deel van die 73 000m² toonaangewende Lynnwood Bridge gemengde-gebruik ontwikkeling. Die Atterbury Theatre word deur Atterbury ontwikkel as deel van die opwindende kleinhandel gedeelte wat onder andere kontemporêre restaurante, 'n Woolworths Food, spesialiswinkels en 'n City Lodge hotel insluit. Die Atterbury Theatre streef daarna om 'n voortreflike konsertsaal te wees, maar is terselfdertyd optimaal toegerus wat ruimtelike akoestiek betref vir hedendaagse vertonings en konferensies.

Met die groei van kunstefeeste in Suid-Afrika oor die afgelope aantal jare, het die behoefte aan kleiner teaters ontstaan. Te danke aan hierdie projek kan daar voortgebou word op nuwe produksies en kan belowende jong kunstenaars die geleentheid ontvang om op die planke te verskyn). Dié wêreldgehalte 420-sitplek "West-End" tipe teater beloof om 'n gesogte bymekaarkompunt vir kulturele byeenkomste in die ooste van Pretoria te word.

Die mees gevorderde tegnologie wat vandag op die mark beskibaar is, gaan hierdie teater die ideale plek maak vir musikale teaterproduksies, dramaproduksies, groepopvoerings, solokunstenaars, kore en dans- en skoolproduksies. Die teater het ook produksie- en klankopname ateljees wat gebruik kan word vir CD en DVD

vervolg op bladsy 8

vervolg van bladsy 7

opnames en ook vir die opname van vertonings. Die Atterbury Theatre word ook toegerus met die nuutste oudiovisuele tegnologie wat dit ideaal maak vir konferensies en produkvrystellings.

Die Atterbury Theatre open sy deure in Mei 2011 met die première van die musiekdrama; *Stuur Groete*. Hierdie eg Suid-Afrikaanse musiekspel, waarin liedjies wat oor die jare bekend gemaak is deur Laurika Rauch, saamgesnoer word, speel af teen die agtergrond van 'n plaas in Kamdeboo. *Stuur Groete* word aangebied deur Christopher Torr en Johan Badenhorst van die "Voetspore" faam. Momentum tree op as hoofborg van die produksie.

Die Atterbury Theatre sal die eiendom van die Atterbury Trust bly en ook gebruik word om kultuur onder minderbevoorregte gemeenskappe te bevorder. Daar word ook beoog om die Atterbury Theatre tot beskikking van skole en gemeenskapsorganisasies te stel om konserte, opvoerings en kooruitvoerings aan te bied.

Atterbury Trust trustees

Daar is nog drie addisionele trustees by die Atterbury Trust aangewys - Pieter Faure, Talana Smith en Zahn Hulme wat saam met Francois van Niekerk en Louis van der Watt in die beste belang van die Atterbury Trust optree.

Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om Francois van Niekerk geluk te wens met die Inyathelo toekenning wat hy in November 2010 in Kaapstad ontvang het. Hy het spesiale erkenning ontvang vir sy Filantropiese bydrae tot Suid-Afrika. Deur middel van die Mergon Stigting, Atterbury Trust asook die Muthobi Foundation, lewer Francois 'n geweldige bydrae tot die koninkryksuitbreiding en opheffing van minderbevoorregte gemeenskappe in Suid-Afrika.